# Nicholis Louw, Net Vir My

Swaar moes U heeldag dra
Aan U 'n kruis gegee
Ut nooit gekla of vra
Wat sal verligting gee
Die doringkroon gedra
Die skare tart en skree
Verdra dit tree vir tree
Gekreun en meegegee
Steeds moes U verder dra
Niemand het omgegee
Ut hul vergewe ja
Al het U niks oortree
Sou hul die vrees gewaar
Toe spykers deur U breek
Die plek is Golgota
Waar U die laaste woorde skree

Ek loof U naam o Heer
Die lyding en die seer
Wat U moes deurmaak
Vir my
Ek buig nou voor U neer
En bring U alle eer
Want U het gesterf
Net vir my

U het weer opgestaan
U het die dood oorwin
Na die hemel opgevaar
Waar engelkore sing
Die lyding is verby
U het my plek berei
Om vir altyd te bly
Daar is n plek langs U vir my

Nicholis Louw - Net Vir My w Teksciory.pl